J A A R V E R S L A G - 1928.

AAN DIE WELEERW. VOORSITTER EN LEDE

van die

SIN. ALG. SEND. KOM. - BLOEMFONTEIN.

WelEerw. Heer & Brs.,

Dit is my aangenaam u weer 'n jaarverslag van die werk wat aan ons opgedra is voor te lê. Ons doen dit met innige dankbaarheid, in die eerste plek tot Hom, die Koning van Sy Kerk op aarde. Hy het ons andermaal getoon dat Hy 'n troue Verbonds God is en dat Hy nooit laat vaar die werk van Sy hand.

1. Binneland:

Die werk in die Binneland moet verdeel word in twee afdelings. (a) Gewone werk in die gemeentes, (b) spesiale werkkringe.

(a) Hierdie werk word in elk van die 70 gemeentes in die O.V.S. gedoen.

Geestelik werk in die gemeentes:-

Daar is gestigte gemeentes wat by die Send. Kerk aangesluit het, en dan is daar werkkringe. Die werk in die werkkringe staan direk onder die moeder Kerkraad en word deur die Moeder gemeente aan die gang gehou. Daar is vier soorte arbeiders, (a) Sendelinge, (b) Naturelle Leraars, (c) Evangeliste, (d) Kerkeraadslede en andere wat ywer vir die Heer, (sonder salaris).

Personeel

Daar is tans in die O.V.S. 26 sendelinge, 9 naturelle leraars en 42 Evangeliste en Kategete. Die opkomste is oral taamlik goed - so dat op verskillende dorpe, of nuwe Kerkgeboue moes opgetrek word, of ou Kerkgeboue moes vergroot word.

Waar die buite werk goed georganiseer word, brei die gemeente uit, en is ons Kerk 'n bolwerk teen die sektes en Bolsjiwisme wat deur die I.K.U. versprei word. Daar word egter nog maar betreklik min deur ons Kerk gedoen. B.v. in 1928 is daar maar in die hele Vrystaat deur ons Kerk 907 kindertjies gedoop, en 924 aangeneem tot lidmate. Daar die Sinode nou besluit het dat die kennis van die stamtaal verpligtend is vir die Sendelinge, sal dit seker beter gaan in die toekoms.

Die skole.

Op die meeste dorpe is die skole geamalgameerd - waar ons Kerk wakker is, daar kom die godsdiens in die skool tot sy reg en ook Afrikaans, maar waar ons Kerk slaap, gaan dit treurig. Selfs word die beskuldiging ingebring dat daar skole is wat onder ons eie beheer staan, waar Afrikaans nie geleer word nie.

Hier en daar word daar 'n Buite skool ook gestig. Die Regerings toelae het van £22000- 1927 vermeerder tot £32500- vir 1928.

Stofberg.

Vir die eerste maal het ons vir Stofberg 'n toelaag gekry vir die salarisse van die onderwysers (Blanke) daar. Nl. £ 690

Ons het nou 'n nuwe Prinsipaal wat [illegible] ken - Mnr. Bonnett, en ons hoop dat die werk daar sal bloei en uitbrei.

Spesiale werkkringe.

(a) Jagersfontein. Die werk word daar nog deur Eerw. Faasen gedoen. Die Gem. Jagersfontein behoor meer by te dra.

(b) Witzieshoek. Hierdie, die oudste Send. werk van ons Kerk behoor meer selfstandig te word. Die vraag is moet daar nie 'n verandering in die toestand kom nie. Die skole is steeds in 'n baie onbevredigende toestand; daar alles nog uit ons hande is. Die plaas is nou rondom degelik omhein.

(c) Thaba'Nchu. Eerw. Groenewald het die werk in die begin van Julie aanvaar. Hy is nog nie vas beroep nie. Die werk sal baie meer spoed as daar 'n sentrale Kerkgebou is. Hierdie werk verdien die ondersteuning van die hele Vrystaat.

Algemene aanmerkinge.

1. Die werk gaan vooruit, maar nie snel genoeg nie. Daar moet meer belangstelling wees by ons mense.

2. Die Brs. Sendelinge moet hul meer inleef in die toestand en aard van die Naturelle en also meer hul vertroue win, en ook hul sosiaal influenseer.

3. Ons moet veel meer invloed uitoefen in die O.V.S. as wat tans die geval is. Die onderwys moet ons stempel kry, en grotendeels geskied dit nie. Ons moet meer vir ons bemoei met die opvoering. Ons taal kom glad nie tot sy reg in Naturelle skole nie en dis ons skuld. Daar is 'n hele paar nuwe werkers tans in die O.V.S. en ons hoop dat 'n hele paar gemeentes eerlang vaste geordende manne sal beroep.

4. Ons gee aan die hand dat by die Ringsittings ons die saak viral by die Brs. predikante moet lewendig en ernstig bepleit, want in vele gemeentes is daar nie 'n Blanke Br., wat vir ons regte kan veg nie.

5. Die Inkomste vir die Binneland sal aansienlik moet vermeerder word om tred te kan hou met die uitbreiding.

2. Buiteland.

Ons het die volgende stasies en personeel.

1. Broken Hill - Eerw. en Mev. P.J.Smit.

2. Madzimoyo - Ds. en Mev. W.A.Krige, Dr. en Mev. W.F.Knobel, Mnr. en Mev. H.Liebenberg. (Hoof van Normaal skool), Mnre. Zeljaard en Bakker, Mejj. van Niekerk en Theron.

3. Ft. Jameson.- Ds. en Mev. C.P.Pauw en Mej. Botha.

4. Nsadzu - Ds. en Mev. D.P.Laurie en Suster Krummus.

5. Nyanje - Eerw. en Mev. S.Pienaar, Mejj Brandt, Mej. Spies en Suster Kliphagen.

6. Magwero - Eerw. en Mev. Veldman, Mej. Vorster en Krige.

7. Hofmeyr - Eerw. en Mev. C.Theron.

8. Tamanda - Eerw. en Mev. C.J.Visagie.

9. Katete - Eerw. L. v.d.Merwe.

Op rustyd is tans Eerw. en Mev. J.Pieters, Mejj. Botha, v.d.Heever, Claassens, le Roux en Vorster.

Die gesondheid van die staf was baie goed. Daar was nie ernstige siekte gedurende die jaar nie, en die Brs. en Susters doen hul werk getrou. Die werk het sy gewone gang gegaan. Ons het ongelukkig nog nie die jaarverslag gekry nie, dus kan ons nie Statistiek gee nie.

Die Regering begin die werk bietjie meer te ondersteun. Nou dat die pad klaar is van ons stasies na Lusaka, sal ons Sendelinge en hul werk meer voor die aandag van die owerheid te Livingstone kom.

Die Onderwysers wat vir die Regerings eksamen opgestuur is, 72 in getal, het slegs 6 sertifikate gekry, 9 meer is provisional deur gelaat. Dit is 'n groot verlies vir ons, want ons kry ondersteuning net vir die wat die eksamen afgelê het. £663- het ons ontvang van die Reg. vir 1928.

Die uitgawe was aansienlik meer dan die vorige jaar en ons moes die jaar afgesluit het met 'n tekort van £904-. Dis die eerste maal dat ons werklik met 'n tekort die jaar sluit. Aan die anderkant was die Inkomste ook meer dan die vorige jaar, maar die verhoging van Salarisse en die vol Salaris vir Rustyd, wat begin 1928 in werking getree het, het 'n ekstra koste beteken van byna £1000-, dus is die tekort hieraan toe te skryf.

Die nuwe werkers wat die afgelope jaar ons geledere versterk het, is Dr. en Mev. Knobel, Eerw. v.d.Merwe, Mnr. Bekker, Mej. Erasmus.

Die werkers wat ons verlaat het, is:-

1. Eerw. en Mev. F.J.Botha wat weens siekte op pensioen moes aftree. 10 jaar het hul die Sending troue dienste bewys.

2. Eerw. en Mev. M.D.Groeneweld moes ook na 20 jaar arbeid met veel ywer en getrouheid, die veld weens swakke gesondheid verlaat. Gelukkig sit hy die werk op Thaba'Nchu tans voort.

3. Mnr. C.Meyer het bedank en Mnr. H.Groeneweld ook, en het beide die Sending veld verlaat.

Di. Malherbe, Botha en Strydom was afgevaardig. Hul het al die stasies besoek, ook die Rings vergadering en die Raadssitting het hul bygewoon.

Die reorganisasie van die werkswinkel en die motor besigheid en ook die invoering van Rekwesiesie vorms het 'n groot verbetering te weeg gebring en het die sending al veel gespaar.

'n Volledige verslag is reeds voor hierdie Kom. gelê.

Die uitwerking van die besoek by die Gouwerneur was goed en ons vertrou dat ons nou beter deur die Reg. erken sal word en ten minste gelyk met ander Genootskappe, behandel sal word.

Algemeen.

1. Op B.Hill sal 'n ander werker moet kom, daar Eerw. Smit liewer op 'n stil stasie begeer te werk.

2. Ons sal moet let as 'n Sending, om wat ons van Reg. wel behoor te kry, dat ons dit wel kry.

3. Die Boerdery skyn 'n goeie Bron van Inkomste te wees.

4. Hierdie Kom. sal moet aandring by elke gemeente, op 'n jaarlikse algemene insameling vir die Sending. So nie sal ons gedurig met 'n tekort te kampe hê - b.v. daar is gemeentes wat byna £600- opgebring het en dan is daar weer andere wat 18/6 en £1-13-6 en weer 'n ander wat £4- vir die afgelope jaar opgebring het. Daar kan geen uitweg wees nie, want elke Gem. doen plaaslik werk en gewoonlik doen die gemeentes die meeste plaaslik wat die meeste gee vir die Buiteland.

5. Ons sal moet probeer vir elke werker en werkster vaste ondersteuning kry.

6. As al die gemeentes ewe redig werk, sal ons nie van tekorte hoor nie en die las sal nie te swaar op enige Gem. druk nie.

7. Die Kom. het twee gewone vergaderinge gehad en een buitengewone.

8. Daar elke Ring nou verteenwoordig is op die Send. Kom., sal dit seker 'n goeie uitwerking hê by die Rings Vergaderinge viral met die oog op die Gemeentes wat nie hul plig doen nie. Die Ring moet optree en die lid van die Send. Kom. is altyd gereed om eerste hand informasie te gee en so die goeie saak te bevorder.

9. Deur middel van die V.S.Bond takke het die Sending Sekretaris ook 'n motor gekry wat tot groot diens is in sy werk. ✗

10. Ons is oral in die gemeentes met belangstelling en vriendelikheid ontvang. Die volgende gemeentes is deur ons besoek gedurende 1928. Memel, Vrede, Ladybrand, Rosendal, Kroonstad, Senekal, Trompsburg, Steynsrust, Bloemfontein, Bloemfontein Noord, Lindley, Harrismith, Ventersburg, Luckhoff, Dewetsdorp, Edenburg, Koffiefontein Ficksburg, Fouriesburg, Petrusburg, Hoddersburg, Theunissen en Parys.

Ons kon meer gemeentes besoek het, maar 3 maande van ons tyd was in beslag geneem deur die Reis na die Sending veld en die sitting van die Sinode. Ons het meer as 12,000 myl gereis.

11. Ons wil die lede van die Send. Kom. bedank vir hul hulp en ondersteuning, en wil die hoop uitspreek dat ons met die Krag en leiding van die Heer die groot en moeilik werk in geloof en met volharding hierdie jaar sal doen.

12. Die Saakgelastigde word ook vir sy help en raad bedank. Die Buiteposte wat weer oor die £3000- in gebring het, is in die bekwame hande van die Heer van Graan. Hy verdien alle lof vir sy werk en persoonlike belangstelling. Ons het met 'n sware tekort geworstel en moes oor die £100- aan rente betaal. Laat ons bid en vertrou dat soiets hierdie jaar nie weer plaasvind nie.

Hiermee meen ons, is genoeg voor u aandag gebring en bied ons u die jaarverslag aan.

Met verskuldigde agting,

U br. in Xtus,

J G Strydom

SENDING SEKRETARIS.

BLOEMFONTEIN.
21 Feb., 1929.

Die ~~Sin. Send. Kom~~ V.S. Bond en die Kinderkranse het weer [die V.S.B.] moedig gewerk in die jaar wat verby is. Sonder ~~hul~~ ondersteuning sal ~~hierdie~~ die Sending Kom. nie die werk kan voortset nie. Hul verdien die dank van die Send Kom. vir hul trouwe en ruime ondersteuning. Ook vir die [illegible] Binne en Buiteland het ~~[illegible]~~ die offerstand [illegible] by andra.

'N KORT VERSLAG VAN DIE REIS EN WERK IN SUID- EN NOORD-RHODESIë.

Op 11 Mei het ons vertrek en op 14 Julie was ons weer terug. Op Bulawayo het ons die 14de die dienste waargeneem. Die susters van die V.S.B. het ons ook ontmoet, sowel as die Kerkraad. Ons het ook 'n diens vir die Kleurlinge gehou. Hier is 'n kerkgeboutjie vir die Kleurlinge en een vir die Naturelle wat gedeeltelik deur Eerw.Vlok bearbei word; daar is 'n groot getal lidmate van Suid- en Noord-Rhodesië, se volk. Die Kerkraad gaan nou 'n begin maak met plaaslike Sendingwerk. 'n Sendeling is hier nodig en dit is moontlik dat dadelik een aangestel kan word, was dit nie dat 'n groot deel van die lidmate onder Eerw.Vlok val nie.

(2) <u>Gwelo</u>: Ons het die Ringssitting hier bygewoon. Die Ring het in verband met die Sending twee besluite geneem.
(a) Dat die gemeentes van die Ring van Bulawayo van nou af uitvoering sal gee aan Arts. 211 en 214.
(b) Dat die skema van die Alg. Send. Kommissie insake die bydraes van die gemeentes, sal uitgevoer word.

Ons het die dienste waargeneem, die Kerkraad en ou kerkraadslede ontmoet, en ook die gemeente die geleentheid gegee om vrae te stel in verband met die Sending. Hier is ook 'n Kerkgebou wat gesamentlik deur die Mashonalend-sending en Eerw.Vlok gebruik word.

Op Daisyfield is 'n Buitepos, en daar word reeds Sendingwerk gedoen. Ons het die Sendingkommissie ontmoet en die organisasie van die werk bespreek. Hier is ook Kleurlinge wat aan ons Kerk behoort.

(3) <u>Melsetter</u>: Hier is reeds 'n begin gemaak met Sendingwerk. Ons het op die drie preekplekke dienste gehou en ook buitedienste, en twee takke van die V.S.B. gestig. Die Kerkraad het ons ontmoet en die hele saak is goed bespreek. Hierdie gemeente sal die saak verder uitbrei en probeer in elke afdeling van die gemeente 'n Buitepos of werkkring te stig. Hulle gaan dadelik 'n Evangelis aanstel.

(4) <u>Umtali</u>: Ons het op die dorp en op buitewyke dienste gehou. Oral het ons die mense die kans gegee om vrae te stel. Die Kerkraad het reeds grond vir 'n kerkgebou gekry, en hul gaan eerlang 'n kerkie bou. Ons verwag dat hier op Umtali spoedig 'n mooi werkkring sal wees. Hier is ook kleurlinge en naturelle lidmate van ons kerk.

(5) <u>Salisbury</u>: Ons het op die dorp en in buitewyke dienste gehou. Hier is die hoofwerk van Eerw.Vlok. In sy kerk was die Sondag omtrent 300 en seker 'n 500 het buite gesit wat nie kon inkom nie. Hier is 'n aantal kleurlinge wat aan ons kerk behoort en Kristene van die Wagarangas wat deur die Kerkraad nou sal moet bearbei word. Ongelukkig is die gemeente vakant, en derhalwe was dit moeilik om dinge te reel. Ons het egter die Kerkraad ontmoet en gereel sover as ons kon. Ook is hier 'n sterk tak van die V.S.B. op die dorp gestig en ook een op Gatooma. Hier kan ook maklik 'n sendeling aangestel word wat deur die naturelle betaal kan word.

(6) <u>Enkeldoorn</u>: Ons het Morgenster, Victoria en Umvama in hierdie gemeente ook besoek. Ongelukkig is die predikant krank. Ons het die x saak egter van alle kante bespreek en ons hoop dat hier ook eerlang 'n geseënde werk gedoen sal word. Ook hier is daar lidmate van ons Kerk en daar Eerw.Vlok nie hier werk nie kan die Kerkraad, net soos te Melsetter, al die lede van ons Kerk in een gemeente bearbei.

(7) Lusaka: Ons het dienste op Lusaka, in die wyke op Broken Hill, N'dola en op die koper myne gehou.
(a) Die myne: Hier is baie van ons mense. Op die Roan-myn is daar reeds 'n kerkgebou, en op N'Kana het ons permissie gevra om ons werk daar beter te organiseer en 'n kerkplek waar ons mense alleen kan aanbid. Die lidmate moet self die kerkbou se koste dra en ook die Evangeliste se salaris betaal. 'n Tak van die V.S.B. is te N'KANA gestig.
(b) Broken Hill: Ons het gereel met die Kerkraad van Lusaka dat Dr.Retief voortaan die werk onder die Blankes ook sal doen en hul betaal dan die helfte van sy salaris en £25 per jaar vir reiskoste. Ook sal Dr.Retief sy werk uitbrei op Broken Hill.
(c) Lusaka: Daar die nuwe Hoofstad van Noord-Rhodesië nou in aanbou is op Lusaka, is daar 'n groot aantal van ons lidmate en die getal groei steeds aan. 'n Kerkgebou is dringend nodig; die plek - mooi sentraal - is reeds verkry. Ons het eers die Sendingkommissie en toe die Kerkraad ontmoet. Die volgende besluite is geneem:-
(a) Dat daar dadelik 'n Kerk gebou moet word. Die Sendingsekretaris sal die plan voorsien en die Sending-gemeente dra self die koste; maar die Kerkraad onderneem om vir hulle £200 te leen daar hul tyd nodig het om die geld by mekaar te maak. Eerw.Veltman en Br.Dippenaar sal die Kerk bou.
(b) Die reeling insake Broken Hill word goedgekeur, nl., dat Dr.Retief as gedeeltelike hulp van die gemeente te Broken Hill sal optree, en dat Broken Hill helfte van sy salaris sal betaal.
(c) Dat die nuwe stasie sowat 30 myl van Lusaka sal wees, dig aan die groot pad.

A L G E M E E N.

(1) Ons is dankbaar dat ons die voorreg gehad het om die sewe gemeentes te besoek in Rhodesië. Ons moes veel doen, maar die Heer het ons deur gehelp waarvoor ons Hom dankbaar is.
(2) Na die mense die saak verstaan het, was hul gewillig om te help met die plaaslike Sendingwerk.
(3) Ons het ook 'n hele paar Sendingstasies van ander genootskappe besoek, Wat ons daar getref het is, dat hulle die volk veel meer as ons laat betaal, b.v. losies geld vir jongens en meidjies; ook dat dames Buiteposte besoek. By sommige egter ontbreek die hoofsaak, nl. die Evangelie.
(4) Ons is jammer om te meld dat Eerw.Vlok nie gewillig is om met ons saam te werk nie. Daardeur sal daar nou 'n dubbel werksaamheid in elke gemeente bestaan.
(5) Met die sendelinge in Mashonaland is dit geheel anders. Die brs. is dankbaar dat die gemeentes nou die werk doen, en soos die ooreenkoms wat ons met hul getref het aantoon, gaan daar 'n mooi saamwerk plaasvind tussen hulle en die gemeentes in Suid-Rhodesië.
(6) Ons is oortuig daarvan dat daar op Bulawayo, Gwelo en Salisbury elk 'n sendeling moet wees, en dat sy salaris grotendeels deur die Sending-gemeente self gevind sal word.
(7) Ons is ook dankbaar dat ons iets kon doen vir ons eie volk in belang van hul taal, kultuur en regte in daardie vreemde land. Ons het deelgeneem aan 'n Deputasie wat die Regering ontmoet het.
(8) Ook kon ons help met die organisasie in die Gemeentes, Op die myne en te Fort Victoria sal daar spoedig aparte gemeentes bestaan.
Daar moet meer leraars in Rhodesië wees. In Suid-Rhodesië alleen is daar 10,000 Afrikaners - hoewel in die jaarboek maar van iets oor die 5,000 sprake is.
Die naturelle in die twee Rhodesiës is iets oor 'n miljoen in elk. Van die miljoen in Suid-Rhodesië behoor slegs 150,000 aan kerke en sektes, en 850,000 is heidene. Daar is dus 'n groot werk ook vir ons Kerk.

Die koste uit die Sendingkas vir die hele reis was nog nie £8 nie.

Dit was die moeite en koste meer dan werd, daar ons seker is - soos een man vir 'n vergadering gevra het: "Waarom het die Kerk nie eerder vir ons die Sendingsaak duidelik gemaak nie sodat ons lankal kon help met die groot werk?" - dat ons gemeentes in Rhodesië van nou af ook hul regmatige deel sal doen aan die sendingwerk van ons Kerk, beide plaaslik sowel as in die algemeen.

J. G. Strydom,
<u>SENDINGSEKRETARIS</u>.